Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Janice Conradie**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Janice.Conradie@westerncape.gov.za | 021 467 2630

Lêerno.: 20251106-8455
Verwysing: 22/2/7/P

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0007/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs vir Wiskunde en Lewensoriëntering en Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 aanbied.

**Onderwerp: Verpligte insluiting van Wiskunde as kernvak as deel van die programvereistes vir graad 10 tot 12**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het met kommer kennis geneem van verslae oor sekere skole wat leerders ontneem van die reg om self 'n keuse van kernvakke te maak.

2. Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) is 'n kwalifikasie op Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR-) vlak 4 binne die subraamwerk vir kwalifikasies in die Algemene en Verdere Onderwys- en Opleidingsband (GFETQSF).

3. Die NSS is as 'n kwalifikasie met 'n minimum van 130 krediete geregistreer. Aangesien hierdie kwalifikasie nie op eenheidstandaarde gebaseer is nie, word dit as 'n volledige kwalifikasie geregistreer. Die kwalifikasie se uitkomste word verder in die kurrikulum omskryf. Die suksesvolle voltooiing van hierdie kwalifikasie vereis 'n minimum van sewe vakke. Die gewigswaarde van die sewe vakke verskil, met ses vakke wat elk 20 krediete bydra, terwyl een vak, 10 krediete (Lewensoriëntering) bydra.

4. Die goedgekeurde vakke wat vir die NSS kwalifiseer, word gelys in die *Nasionale Beleid betreffende die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring graad R tot 12*, en *Regulasies met betrekking tot die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12*, gepubliseer as *Goewermentskennisgewing* 1114 in *Staatskoerant* No. 36041, gedateer 28 Desember 2012, soos gewysig.

5. Leerders in die VOO-fase volg óf die akademiese (algemene) óf tegniese studierigting en moet vier vakke uit **Groep A (Kernvakke)**, en drie vakke uit **Groep B (Keusevakke)** neem:

5.1 Twee amptelike tale wat uit Bylae B gekies word, in ooreenstemming met die *Beleid*, met dien verstande dat een van die twee amptelike tale as Huistaal (HT) aangebied word en die ander amptelike taal as Huistaal of Eerste Addisionele Taal. Verseker asseblief dat een van hierdie twee tale die taal van leer en onderrig is.

5.2 Dowe en gehoorgestremde leerders kan Suid-Afrikaanse Gebaretaal op HT-vlak kies.

5.3 Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid vir die akademiese (algemene) studierigting, of Wiskunde of Tegniese Wiskunde vir die tegniese studierigting.

5.4 Lewensoriëntering

6. Die DBO het Omsendbrief S13/2025 (**Bylae A**), gedateer 03 Oktober 2025, uitgereik waarin duidelike riglyne aan skole verstrek word rakende hul verpligting om voorsiening te maak vir Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid. Die doel is om leerders in staat te stel om 'n keuse uit te oefen, behalwe in gevalle waar 'n skool 'n spesiale fokusgedrewe rigting aanbied, soos die tegniese studierigting, of Wiskunde en Wetenskappe, soos voorgeskryf in beide die *Beleid* en *Regulasies*.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-11-10